29 Jan 2023 - Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Ps. 111-2:1, 2 & 4
Riglyn vir ons liefde: 1 Kor. 13:1-7
Hoe lyk my liefde?
Lied 530:1-3
Gebed
Kinderkerk
Lied 599:1-3
Skriflesing: Matt. 24:36-44 (83 AV)
Kernverse: Matt. 24:37-39, Heb. 11:7, 2 Pet. 2:5 (83 AV)
Tema: Is jy gereed?
Preek
Geloofsbelydenis – 12 Artikels
Gebed
Lied 514:1-2
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Is jy gereed?**

**Inleiding**

1. ʼn Rustige atmosfeer by ʼn troue. (v. 38)
2. Iets baie onheilspellend aan hierdie gewone troue – ʼn reuse vloed wat dreig. (v. 39)
3. Hoekom gaan die vloed kom?
    a. Genesis 6:5-7: *Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het*."
    b. Gen. 6:11-13: *Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. Toe sê God vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg."*
4. Almal?
    a. Noag is deur God begenadig. (Gen. 6:8&9)
    b. Heb. 11:7...
5. Hoekom het God die ander mense nie gewaarsku nie?
    a. God het hulle gewaarsku deur Noag se prediking. (2 Pet. 2:5)
    b. Nog ʼn baie duideliker preek was die ark self.
6. Tot op ʼn dag...
7. ʼn Baie treffende parallel tussen die gebeure aan die begin van die wêreldgeskiedenis en die gebeure aan die einde van die wêreldgeskiedenis. (v. 37)
8. Op ʼn dag sal die stem van die aartsengel en die basuin van God weerklink. (1 Tes. 4:16)
9. Maar word die mense voor die wederkoms dan nie gewaarsku nie?
10. Sal daar ook met die wederkoms (soos in die dae van Noag) mense gered word?
11. Die skeidslyn tussen hulle wat verlore gaan en hulle wat gered word sal deur alle verhoudings loop... (v. 40-41)
12. Hoe is ek persoonlik gereed?
    a. Genade.
    b. Mense.
    c. God.
    d. Jesus.
    e. Geloof.
13. Glo jy dit met jou hele hart?